

10 Noodsaaklikhede om die Bybel reg te studeer:

Jou lewe verander wanneer jy ophou om die Bybel te 'lees' en tyd maak om dit te STUDEER. Daar is baie te sê oor hoe om die Bybels te studeer, maar hier volg 'n opsomming vir diegene wat die verborge Skatte van God se Woord vir hom/haarself wil ontdek.

Om die Bybel te wil studeer, gaan jy jouself moet forseer om van pas te verander om stadig en gefokus te raak. Ons wil die Bybel studeer om die Here Jesus te leer ken, Sy weë, Sy planne, en om Sy hart te ken. Om die Bybel te studeer, gaan jou laat groei, jou leer, jou lei, jou oortuig, jou bemoedig en versterk, en dit sal jou gefokus hou op dit wat ewig en waar is.

Daar moet niks wees wat jy meer koester as om daaglik gedissiplineerd jou Bybel te studeer nie. Mag dit vir jou 'n seën wees in jou groei na geestelike heiligheid!

1. Gebed. Voor jy begin met Bybelstudie BID EERS.

- a. Die Woord van God is geïnspireerde waarheid en ons het die Heilige Gees nodig om geïnspireerde waarheid te kan verstaan.
- b. Vra spesifiek vir die Here om jou te reinig van dwaling en wat ookal nie van God is nie, en om jou standvastig te maak in Sy waarheid.
- c. Vra die Here vir fokus en om jou studietyd te bewaar: Ons het 'n vyand, en die laaste ding wat hy wil hê, is dat ons tyd sal inruim en stil sal raak om ewige waarheid te leer. (Die telefoon begin lui, boodskappe op die foon arriveer, kinders soek jou skielik, die honde begin blaf, ewe-skielik begin jy gaap en raak moeg – een sturnis volg op 'n ander.)

2. Vra die Here om jou op 'n spesiale manier in die bladsye van Sy Woord te 'ontmoet'.

- a. Kies 'n boek in die Bybel: Werk kronologies deur elke boek in die Bybel om die storielyn te ontdek en te volg. (Die Bybel bestaan uit 66 boeke en elkeen vorm deel van die geheel.)
- b. Om 'n hoofstuk op 'n slag te studeer, is om die verse daarin in die regte konteks te lees en te verstaan. (Dit is maklik om verse buite konteks te verstaan en so 'n verdraaide beeld van waarheid aan te kleef.)
- c. Vir nuwe bekeerlinge: studeer die Bybelboeke in die volgende volgorde: 1 Johannes > Johannes > Matteus > Jakobus > Petrus se briewe > Weer 1 Johannes > Judas > Handeling > Romeine tot Hebreërs > Psalms tot Prediker > Die hele Nuwe Testament > die hele Bybel > Daniël > Openbaring.

3. Neem jou tyd en fokus op 'n hoofstuk op 'n slag.

- a. As dit dae, weke of maande vat om deur 'n hoofstuk te kom, dan is dit reg so – moenie jaag nie.
- b. Vra baie vrae:
 - Wie? (Wie is die hoofrolspelers?)
 - Wat? (Wat is die hoofgebeurtenis of probleem in hierdie hoofstuk?)
 - Wanneer? (Wanneer het dit gebeur?)
 - Waar? (Waar het dit gebeur?)
 - Waarom?
 - (Antwoorde kom dalk nie dadelik nie, maar dit is ook reg so want jy is besig om te groei soos hierdie vrae in jou gedagtes vorm. Antwoorde sal mettertyd kom!)

4. Merk kernwoorde en -frases – dit laat jou Bybel lewendig word.

- a. Kyk na woorde of frases wat herhaal. (Herhaling is 'n sleutel-aanduiding van wat belangrik is en op gefokus moet word.)
- b. Vra dan vrae rondom hierdie kernwoord of -frase. (Vra, wat is die boodskap aan my hier, en hoe kan ek dit deel van my lewe maak?)

5. Neem kennis van vergelykings, kontraste, lyste, ensovoorts.

Byvoorbeeld: “Vrug van die gees” in kontras met “werke van die vlees.”

6. Neem kennis van werkwoorde en frases - aksies wat geneem moet word: verlede, hede en die toekomstige tyd.

Byvoorbeeld: Jesus nooi ons uit deur te sê: “Soek en jy sal vind, klop en vir jou sal oopgemaak word, vra en vir jou sal gegee word...” Hierdie werkwoorde (soek, klop en vra) beteken nie net 'n aksie wat eenmalig gedoen moet word nie maar voortdurende aksies wat ons voortdurend moet doen.

7. Doen ‘woord’-studies - Spesifieke woorde wat vir jou groot betekenis het (wat uitstaan).

- a. Kyk wat die woord in die oorspronklike grondteks beteken. (Byvoorbeeld die woord ‘rus’ beteken ‘Sabbath’ in die grondteks en het vele betekenis wat ryk is om te studeer.)
- b. Kyk waar hierdie woord in die res van die Bybel voorkom en kyk dan na die konteks waarin die woord in hierdie verse voorkom.

8. Neem kennis van plekke en ondersoek dit op landskaarte: Die Bybel is ook geskiedenis en feite oor werklike mense en plekke. (Die teks word lewendig as ons hierdie gebeure op kaarte opsoek en plaas.)

9. Stop jou studie wanneer jy gestop word: Jou plan is dalk om die hele hoofstuk deur te lees, maar deur die leiding van die Heilige Gees mag jy dalk op die derde vers op 'n woord wat jou interesseer vir die hele studietydperk ‘vashak en kampeer’. Miskien voel jy aangespreek oor die vers of gedagte waaroor jy meer vrae moet vra of eers daarvoor moet bid. Miskien is dit die antwoord op iets waarvoor jy 'n week terug gebid het, vir jouself of vir iemand anders. (Onthou Bybelstudie is nie om so vinnig moontlik deur die Bybel te werk nie, maar is bedoel om aan die voete van Jesus te sit sodat Hy ons kan leer, kan verander en kan rig.)

10. Merk (‘highlight’) spesiale verse: Soos jy studeer, sal daar verse wees wat vir jou spesiaal is en uitstaan. Hierdie verse word jou spesiale ‘krag’ -verse waarheen jy keer op keer vir bemoediging en sterkte terugkeer, wat jou aan 'n belofte van God herinner. Sit hierdie verse ‘eenkant’ op 'n spesiale manier deur dit te merk met 'n spesiale kleur, of 'n vierkant om dit te trek, of 'n sterretjie of uitroepteken daarlangs te maak, en wanneer jy deur jou Bybel werk, staan hierdie spesiale verse maklik uit.

---oooOOOooo---